

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 66**

## **ECCE HOMO**

Daar is die mens

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## Jesus, man van smarte...

### VIR U

*Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja soos een vir wie 'n mens sy gesig verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.*

*Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte — dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.*

*Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*

*Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.*

*Hy is mishandel hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders — ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.*

*Uit die druk en uit die straf gerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote — wie het daarvoor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewende; ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom gewees.*

*(Jesaja 53:3-8).*

# VIR DIE LYDENSTYD

## ECCE HOMO

### Spotbeeld

Die soldate het iets van die beskuldiging opgevang... en Jesus tot 'n koning met 'n purper mantel gemaak, soldatejas en 'n doringkroon. Daarna is die vertoning afgesluit met eerbetoning: Ave, rex judaeorum (Gegroet, Koning van die Jode!)... en toe Hom in die gesig geslaan!

Pilatus laat Jesus daarna weer na buite gaan en wys die gehawende slagoffer in sy maskeradekleed van 'n spotkoning, met die bloedige merktekens van sy mishandeling. Dan kom die woord wat in die hele wêreld en deur alle eeue heen sal bly voortklink: **Daar is die mens!** (Ecce Homo).

### 'n Woord met meer waarde

Wil Pilatus met hierdie opmerking die oorgretigheid van die menigte om Jesus tot slagoffer te maak, aan die kaak stel? In dié sin: "**Kyk, waar gaan dit tog om? Daar is 'n mens!**"

Probeer hy uit 'n opkomende selfveragting vlug oor die onwaardige rol wat hy speel, deur aan hulle sy ontroering en medelyde te suggereer en eie edele gevoelens te konfronteer met die lae emosies van die volk? Probeer hy gebruik maak van die keersy van die vatbaarheid tot woede: die vatbaarheid vir massa-medelyde en sentiment?

Hoe dan ook... die woord van Pilatus gaan ver bo sy feitlike en psigologiese betekenis uit. Die woord het — soos elke gebeurtenis en byna elke woord in die lyde van Christus — twee kante.

God laat Pilatus hier die waarheid praat: "**Daar is die mens.**"

### Spieël

Want dit is die mens... 'n erbarmlike mens... 'n bespotlike geval. Dit is die waarheid omtrent die mens. Jesus is hier die spieël waarin die mens sy eie gesig sien. 'n Mislukte koning met 'n kroon van dorings!

Ons wil immers koning wees van onself en van ander... self bepaal wat goed en sleg is. Ons wil bevele gee en heers en gebied... ons eie lewe lei... ons eie planne maak. Niemand het oor ons seggenskap nie. Nog meer: rondom hierdie Mens sien ons skuld, swakheid, verwording. So is die mens, dat hy hiertoe in staat is! **Dáár is die mens!** Jesus is 'n mens soos ons. **Wat doen ons aan die mens.** In hierdie Mens herken ek almal wat vertrap en verneder is.

In die perspektief van hierdie een staan alle uitgeworpenes, almal teen wie gediskrimineer is.. of dit weens afkoms, ras, velkleur of beskawing was. Die hele geskiedenis vind weerklank in hierdie woord... word herken en saamgetrek in hierdie mens.

### Middelaar

Hierdie woord van Pilatus het ook nog 'n ander aspek. Pilatus was nie 'n profeet nie, maar hy sê hier presies wat God wil hê hy moet sê: daar is die mens!

Dit is die mens wat God gestuur het. Jesus staan hier as Middelaar, as diegene wat in die midde tree tussen God en mens. Hy hou God en die mens vas. Dit gaan daarom dat God

genadiglik die mens bly aansien, want Jesus dra hier u en my bespotlikheid. Hy verag u nie. Hy doen nie self mee met hierdie belaglikheid nie, maar Hy dra dit vir u.

### **Die ou gesig**

Iemand vertel van 'n besoek van 'n predikant aan 'n vrou wie se man oorlede was. Die besoek was vir hom moeilik, omdat hy die geskiedenis van die huwelik geken het. Hierdie man het besonder sleg met sy vrou gelewe en die lewe vir sy vrou onuithoudbaar gemaak. Hy was 'n ontaarde mens. Wat moet die dominee nou by die dood van so 'n man vir die vrou sê?

Dan blyk dit dat die houding van die vrou teenoor die man, noudat hy gesterf het, één en al liefde is. "Want" sê sy, "nou het hy sy ou gesig teruggekry". Hoe kry ons die vermoë om deur die vervalle verweerde gelaat van mensheid en wêreld die "ou gesig" terug te kry... ons eintlike menswees terug te kry. Eintlik kan alleen God dit doen, want in Christus sien Hy die egte, die eintlike gesig van die mens — die mens soos God hom eenmaal geskape het. Ecce Homo! Daar is die mens, die Mens deur wie ons nuwe mense word.

### **F. Denkema**

#### **Dieselfde... en tog nie!**

Dieselfde water wat die wyse se meul draai, verspoel die dwaas se grond.

Dieselfde God wat as Saligmaker begroet sal word deur dié wat Hom aangeneem het, sal kom as Regter vir die wat Hom verwerp het.

# MOENIE VREES NIE! HY HET OPGESTAAN!

- 1 *En laat, ná die Sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdalena en die ander Maria om na die graf te gaan kyk.*
- 2 *En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit.*
- 3 *En sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu.*
- 4 *En uit vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.*
- 5 *Maar die engel antwoord en sê vir die vroue: Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is.*
- 6 *Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het;*
- 7 *en gaan haastig, sê vir sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galilea. Daar sal julle Hom sien. Kyk, ek het julle dit gesê.*
- 8 *En hulle het haastig weggegaan van die graf met vrees en groot blydschap, en gehardloop om dit aan sy dissipels te vertel.*
- 9 *En terwyl hulle op weg was om dit aan sy dissipels te vertel, kom Jesus hulle meteens teë en sê: Wees gegroet! Toe kom hulle nader en gryp sy voete en aanbid Hom.*
- 10 *En Jesus sê vir hulle: Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel my broeders dat hulle na Galilea moet gaan; en daar sal hulle My sien.*

**(Matteus 28:1-10).**

# SO KOM U IN DIE HEMEL

## Wil u hemel toe gaan?

Vermoedelik sal u sê: ja, natuurlik, wie wil dan nie hemel toe gaan nie! Dan het ek nog 'n vraag: weet u hoe u daar moet kom?

Weer hoor ek u antwoord: as ek ordentlik lewe, vir almal gee wat hulle toekom en so nou en dan iets vir liefdadigheid afstaan, sal God my seker daar bring. As dit u enigste **en volledige antwoord** sou wees, kan ek nou al vir u sê dat u **die hemel nooit sal sien nie**.

## Waarom nie?

Omdat die Bybel, die Woord van God, vir ons duidelik sê vir watter soort mense die hemel eenmaal oop sal staan en vir wie dit gesluit sal wees.

*Die hemel word nie vir mense belowe net omdat hulle goed geleef het nie. Mens gaan nie die hemel binne bloot omdat daar niks slegs van jou gesê kan word nie. Die hemel word nie soos 'n medalje toegeken vir baie jare getroue diens nie. Dit word nie oopgestel as 'n beloning vir sekere prestasies wat 'n mens hier op aarde verrig het nie.*

Weet u waarom u op grond van so 'n antwoord nie in die hemel sal kom nie? Omdat die hemel 'n heilige plek is. Dit is die woonplek van God, van die engele en van die gesaligdes. Daar is niemand of niks wat onheilig en sondig is nie. Daarom kan u of ek of wie ook al nie uit onself die hemel binnegaan nie en ons deugsame lewe sal ons ook niks help nie. Ons sogenaamde "goeie werke" verleen ons geen toegang nie.

## Hoe dan?

Daar is tog 'n moontlikheid dat mensekinders eenmaal in die hemel sal kom. Die moontlikheid bestaan deur Hom wie se naam ek nog nie genoem het nie, maar wat ook in die hemel is: Jesus Christus, die ewige Seun van God.

Toe Hy op aarde was, het Hy oor baie sake gespreek... ook oor die Koninkryk van God wat nou reeds bestaan en wat eenmaal in sy volle heerlijkheid sal kom.

Om die toegang tot die hemel vir die kinders van God moontlik te maak, moes Hy eers ly en sterf. Aan die kruis het Hy die sondelas van hulle wat in Hom glo, gedra. Op die derde dag na sy dood het Hy opgestaan en daarmee bewys dat Hy alle mag in hemel en op aarde het, selfs mag oor die duiwel en die dood.

Omdat Hy sy middelaarswerk voltooi het, het Hy daarna na die hemel opgevaar om in heerlijkheid aan die regterhand van God te gaan sit.

*Nou is die hemel wat vir sondaars gesluit was, weer oop vir dié sondaars wat vergewing vir hulle sondeskuld gesoek en gevind het by Hom wat aan die kruis gehang het en wat nou in die hemelse heerlijkheid is.*

## Wil u ingaan?

Ek glo graag dat u hemel toe wil gaan, maar om in dié heilige plek te kan aankom, moet u geheilig wees deur die bloed van Jesus Christus. U moet in Hom glo as u Verlosser, in die Heilige Gees as die Vernuwer van u lewe en in die Vader as u Onderhouer en Beskermer.

Waar kom die geloof, wat ons so nodig het, dan vandaan? Soos alle ander dinge kom dit ook van God. Gaan dan na Hom toe in die gebed, bely u sonde voor Hom en vra Hom om dit te vergewe deur Jesus Christus van wie u aanneem dat Hy die enigste Redder is.

*Goeie dade kan u nie in die hemel bring nie.*

*'n Voorbeeldige lewe verleen u geen toegang nie.*

*Daar is maar net een naam onder die hemel gegee waardeur ons gered moet word: die naam Jesus Christus. Daar in die hemel waar Hy nou is, sal God se kinders ook eenmaal wees.*

Hulle wat in Hom geglo het, geniet reeds die ewige geluksaligheid in die Vaderhuis met sy baie wonings. En as u waarlik in Jesus as u Heiland en Verlosser glo, sál u ook eenmaal daar kom... uit genade.

God sê dit in die Bybel, sy Woord.

Sal ons mekaar daar ontmoet?

**P. G. Geertsema**

# GOD HET MY VERLAAT!

## Groen Gras

Die gras anderkant die draad is altyd groener as aan die kant waar jy is. Alles van ander mense is gewoonlik mooier en beter as jou eie. Hulle het 'n baie lekkerder werk, geen sprake van lang ure nie en nogtans 'n goeie loon. Hulle het altyd baie vriende, hulle is oral gewild, het altyd die regte woord op die regte tyd. Kortweg, dit gaan met hulle ver bo verwagting goed en met jou... só sleg! Só is jy bitter eensaam. Ander sien jou nie eens raak nie. Dit lyk selfs asof God jou verlaat het.

Vroeër was jou gras tog groener as nou. Toe was jy nog 'n kind, baie gelukkig in jou ouerwoning saam met jou vader en jou moeder en jou broers en susters... lekker kommervrye dae! Tóé het God jou nog nie verlaat nie, jou vader het gereeld uit die Bybel gelees, julle het nog gebid en kerk toe gegaan. Ander mense het julle gereeld kom besoek.

## Maar die tyd staan nie stil nie

Nou, met verloop van jare, het alles so anders geword en jou lewe so doelloos leeg en ellendig. Jy swoeg en sweet met al jou kragte, maar die resultaat van jou beste pogings is op alle gebiede uiters teleurstellend. Dit laat jou geweldig onvergenoegd voel. Êrens moet fout wees en jy moet dit soek, want dit weet jy: dit lê nie by jou nie!

## Lê die fout dan nie by God nie?

Hy is tog die Almagtige wat die hemel en die aarde geskape het. Waarom laat Hy dan toe dat dit met my nie na wense gaan nie? Hy kan my tog vashou en bewaar. As dit dan tog met my so verkeerd is, dan is dit tog sy skuld want Hy het my gemaak. Ek kan tog nie anders wees as wat ek is nie. Daarom is my ellende nie op my skouers nie. Tog is ek die een wat onreg ly en niemand sien eers my toestand raak nie!

## Werklik van God verlate

Al dink jy so, is jy tog nie die eensaamste mens en van God verlate nie. Daar was Een wat aan die kruis moes uitroep: "My God, My God, waarom het U my verlaat?" Dit was Jesus Christus. Daar op Golgota het Hy aan die vervloekte kruishout gehang ter wille van die sondes van die mens. As Hy so van verlatenheid uitroep, dan ly Hy helse smarte, want die dieptepunt van die hel is inderdaad die van-God-verlatenheid.

## Jy verlaat God

Besef dan dat dit jy is wat die fout maak en nie God nie. God het Christus verlaat, sodat die kinders van die Here Jesus nooit meer van God verlate sou wees nie. Kyk daarom om jou heen na al die blyke van God se liefde: die son, die water, die blomme, die voëls, ja na alles om jou heen in die grote en pragtig skepping... die werke van God se hande.

### LAASTE BRIEF VAN 'N MARTELAAR

"Sedert die dag dat die Here my hart geopen het om Hom as my Heiland te ontvang, beskou ek myself as die gelukkigste mens ter wêreld. Die verdrukking wat ek moes ondergaan, aanvaar ek as genade van Hom. Ek verbly my dat my Here, sedert die begin van my Christelike lewe, my waardig geag het om smaadheid te ly ter wille van die liefde vir sy Naam"

Weet jy wat is jou vermeende van-God-verlatenheid? Niks anders as jou gebrek aan ywer om die pad te loop wat jou vrome vader jou gewys het nie! Gaan lees dus maar weer jou Bybel, gaan en probeer van jou kant weer en weer.



Weet dan dat God die mens nooit verlaat nie.

Dit is die mens wat van die vroegste tye af **God verlaat het**. So vlug Adam en Eva in die Paradys van God af weg, maar Christus, die Seun van die mens, stel Hom bereid om die dieptepunt van die Godverlatenheid te deurworstel, sodat ons tot God kan gaan en nimmermeer deur Hom verlaat sal word nie — dat ook jy wat meen dat jy deur God verlaat is, kan weet dat niks jou sal skei van die liefde van God in Jesus Christus nie.

Vertroetel dan nie meer jou eie fyngevoeligheid nie en soek die Here met alle krag en toewyding.

Hy laat Hom vind deur die wat waaragtig na Hom vra.

**G. du Plessis**

### **DIE TOETS**

Ek ken mense. En ek kan u vertel dat Jesus Christus geen blote mens is nie. Tussen Hom en enige ander persoon in die wêreld bestaan daar nie eers die moontlikheid van vergelyking nie. Alexander, Caesar, Karel die Grote en ekself het wêreldryke daargestel. Maar waarop het die skeppings van ons vindingrykheid gerus? Op mag, geweld. Jesus Christus het sy ryk gebou op liefde! En op hierdie oomblik sal daar miljoene mense wees wat bereid is om vir Hom te sterf!

**Napoleon Bonaparte**

## EK VIND HOM NIE!

Ek het gesoek, maar nie gevind nie — gesoek na 'n vaste anker in die lewe, na innerlike rus, gemoedsvrede, na die doel van die smarte wat ek moes dra, na die sin van my lewe. Ek het gesoek na troos, na die genade en ontferming van Christus waarvan die gelowiges altyd praat, maar... tevergeefs.

Ek verstaan U het na God gesoek en nou het u maar opgehou soek. God is weg. Nou dryf u maar saam met die stroom wat God nie ken en dien nie.

### Is God weg?

Is Hy dood soos die ongelowiges beweer? Vanuit hul ruimteskepe kon die ruimtevaarders God nie sien nie; onder die see het wetenskaplikes Hom nie gevind nie; ook nie in die gedissekteerde hart of brein van die mens nie. Daarom beweer ongelowiges dat God nie bestaan nie — dat die mens mag doen wat hy wil. God sien tog nie die onreg nie, straf nie die kwaad nie en ruk nie uit die nood nie. God onder die dooies — dis waar die ongelowiges Hom plaas.

Maak u miskien 'n soortgelyke fout en kan daarom God nie vind nie, sodat u alleen staan, sonder God in u teleurstellings en frustrasies en pyn? Is God vir u net eenvoudig weg... dood?

### Waar soek u?

Wie soek, sal vind, sê die Skrif, maar dan moet jy reg soek. Jy sal nie 'n vuurpyldeskundige vind onder primitiewe inboorlinge nie en ook nie diamante in die grootpad nie. Op die Paasmôre moes die vroue wat gaan soek het na 'n dooie Jesus teleurgesteld by sy graf staan. 'n Dooie Christus, 'n God wat dood is, sal jy nêrens in die heelal vind nie. Hy is immers die Lewende, die Bron van alle lewe, wat Self leef in ewigheid. Die vraag wat die engele aan die vroue gerig het (lees gerus Luk. 24:1-12) is 'n verwyt wat vandag nog aan baie mense gerig kan word: "Waarom soek julle die Lewende by die dooies? Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan", (vs. 5 en 6). Hy het die dood oorwin... Hy leef in ewigheid!

### Die rede

Maak u dieselfde fout as daardie vroue wat dit wel goed bedoel het toe hulle gaan soek het na 'n dooie Christus om sy liggaam te salf, maar daardeur ook hul ongeloof gewys het? Jesus het voor sy kruisiging tog herhaaldelik aan hulle gesê dat Hy die derde dag uit die dood sou opstaan. Waarom het hulle dit nie geglo nie, of nie onthou nie (soos die vroue hier), bly teleurgestel staan met leë hande. Hulle kan Hom nie vind nie. Hulle soek na 'n dooie, terwyl Hy die Lewende is.

U vind God nie om dieselfde rede — omdat u nie aan God se Woord vashou nie — nie vashou aan sy bevele en sy beloftes van oorwinning en genade nie? Kyk, die lewende God kom in sy lewende Woord na ons toe en as jy sy Woord loslaat, sal jy tevergeefs soek na God se reddende genade in die natuur of die wetenskap of waar ook al. Dan bly jy ongetroos, lewe in geestelike hongersnood en sterf onder die toorn.

### Die Lewende

Christus is die Opgestane, die lewende Heiland. Hy wil vandag na ons kom in sy Woord en Sakramente, in sy kerk en tussen sy kinders, in die gebed en deur sy Gees. **Daar sal u Hom vind.** Dan sal iets wonderliks met u gebeur. Dit is soos skille wat van u oë afval en oral waar u kyk, sien u die teenwoordigheid van die lewende God! Kyk u na die natuur, dan sien u hoe wonderlik God alles inmeekaargesit het en elke dag nog onderhou; u merk hoe Hy die geskiedenis en die volkerewêreld bestuur; u sien dan Sy hand in eie lewe raak en voel sy

teenwoordigheid in u eie hart. Ja, alles roep u dan toe: God lewe, hier is Hy by jou! Ook u kan dan uitroep: "Die dood is verslind in die oorwinning. Dood, waar is jou angel, doderyk, waar is jou oorwinning?" (1 Kor. 15:54, 55). Deur sy opstandings-oorwinning het Christus se graf oopgegaan. Hou vas aan Hom en ook jou graf en die hemel sal vir jou oopgaan!

Vir jou het Christus gesterf. In jou verdoemenis en ellende het Hy jou gevind nog voordat jy Hom gesoek het en Hy nooi jou nou saam na die bruilof hiernamaals. Hy roep jou tot die lewe en die ewige blydschap. Kom jy?

Soek Hom dan waar Hy te vinde is en terwyl Hy te vinde is!

**W. J. Maritz**

## *As jul vandag...*

Bo al die gode en godeprag  
troon God as Koning; sy gesag  
is groot en ken geen grense of lyne.  
Die aard' se diepste binnekant  
is in die holte van sy hand;  
die hoë berg daarbo is syne.

Die woeste see het Hy gemaak,  
die rotse wat ons kus bewaak  
en wydgeleë wêreldlande.  
Kom, laat ons voor sy voete aanbid:  
sy grootste skeppingsdaad is dit,  
en ons die maaksel van sy hande.

Hy's onse God en Herder, Hy,  
en ons die skape in die wei  
wat uittrek onder sy beskerming.  
**As jul vandag sy roepstem hoor,  
verhard jul nie, maar neig jul oor,  
merk op die roep van sy ontferming.**

— Ps. 95 : 2, 3 en 4 (Berym)